

Skriflesing: Genesis 2:9-14; Openbaring 22: 1 -21,

Teks: Genesis 2:9b; Openbaring 22: 2,16b

Sing: VOORAF SANG – Ps. 42:1,5

TYDENS EREDIENS – Ps. 1:1,2; Ps. 25:5; Ps 128:4; Sb. 8-1 (14):2; Ps. 105: 1,5

Genesis 2:9-14

Gen 2:9 Die Here God het verder allerlei bome, mooi om na te kyk en lekker om van te eet, uit die grond laat uitspruit, **ook die boom van die lewe in die middel van die tuin, en die boom van alle kennis.**

Gen 2:10 Daar het 'n rivier in Eden ontspring om die tuin nat te maak, en van daar af het dit verdeel en vier riviere geword.

Gen 2:11 Die eerste rivier is die Pison en dit loop rondom die hele Gawila, waar daar goud is.

Gen 2:12 Die goud van daardie land is suiwer. Daar is ook balsem en oniks.

Gen 2:13 Die tweede rivier is die Gihon en dit loop rondom die hele Kus.

Gen 2:14 Die derde is die Tigris wat oos van Assirië verbyloop, en die vierde is die Eufraat.

Openbaring 22: 1 -21

Rev 22:1 Toe het die engel my die rivier met die water van die lewe gewys. Dit is helder soos kristal en dit stroom uit die troon van God en van die Lam uit.

Rev 22:2 **Tussen die hoofstraat van die stad aan die een kant en die rivier aan die ander kant staan die boom van die lewe. Hy dra twaalf keer per jaar vrugte: elke maand lewer hy sy vrugte. Die blare van die boom bring genesing vir die nasies.**

Rev 22:3 Daar sal niks meer wees wat deur God vervloek is nie. Die troon van God en van die Lam sal in die stad wees, en sy dienaars sal Hom dien.

Rev 22:4 Hulle sal Hom sien, en sy Naam sal op hulle voorkoppe wees.

Rev 22:5 Daar sal nie meer nag wees nie. Die mense het nie die lig van 'n lamp en die lig van die son nodig nie, omdat die Here God hulle sal verlig, en hulle sal tot in alle ewigheid regeer.

Rev 22:6 Toe sê die engel vir my: "Hierdie woorde is betroubaar en waar. Die Here God, wat sy Gees aan die profete gee, het sy engel gestuur om vir sy dienaars te wys wat binnekort moet gebeur."

Rev 22:7 Jesus sê toe: "Kyk, Ek kom gou! Geseënd is elkeen wat die woorde van hierdie profetiese boek ter harte neem."

Rev 22:8 Dit is ek, Johannes, wat dit alles gehoor en gesien het. Toe ek dit gehoor en gesien het, het ek voor die voete van die engel wat dit alles vir my gewys het, op my knieë neergeval om hom te aanbid.

Rev 22:9 "Pas op, moenie!" sê hy toe vir my. "Ek is 'n mededienaar van jou en van jou medegelowiges, die profete en dié wat die woorde van hierdie boek ter harte neem. Aanbid God!"

Rev 22:10 Verder sê hy vir my: "Moenie die woorde van hierdie profetiese boek geheim hou nie, want die eindtyd is naby.

Rev 22:11 Wie kwaad doen, moet voortgaan om kwaad te doen, en wie vuil is, moet vuil bly; maar wie doen wat reg is, moet voortgaan om reg te doen, en wie heilig is, moet heilig bly."

Rev 22:12 Jesus sê toe weer: "Kyk, Ek kom gou! Ek bring die loon saam met My om elkeen te beloon vir wat hy gedoen het.

Rev 22:13 Ek is die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die Einde.

Rev 22:14 Geseënd is dié wat hulle klere was, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en deur die poorte in die stad kan ingaan.

Rev 22:15 Buitekant is die dwaalleraars, die bedrieërs en die onsedelikes, die moordenaars en die afgodsdienaars en almal wat valsheid liefhet en doen.

Rev 22:16 **Ek, Jesus, het my engel gestuur om dit alles aan julle in die gemeentes te betuig. Ek is die Wortel, dit is, die Nakomeling van Dawid. Ek is die helder Môrester."**

Rev 22:17 Die Gees en die bruid sê: "Kom!" En elkeen wat dit hoor, moet sê: "Kom!" En elkeen wat dors het, moet kom; elkeen wat die water van die lewe wil hê, moet dit kom kry, verniet!

Rev 22:18 Ek betuig aan almal wat die woorde van hierdie profetiese boek hoor: As iemand iets hieraan byvoeg, sal God vir hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is;

Rev 22:19 en as iemand een van die woorde van hierdie profetiese boek wegneem, sal God sy deel aan die boom van die lewe en aan die heilige stad wegneem waarvan in hierdie boek geskrywe is.

Rev 22:20 Hy wat dit alles getuig, sê: "Ja, Ek kom gou!" Amen! Kom, Here Jesus!

Rev 22:21 Die genade van die Here Jesus sal by almal wees.

Skriflesing: Genesis 2:9-14; Openbaring 22: 1 -21,

Teks: Genesis 2:9b; Openbaring 22: 2,16b

Sing: VOORAF SANG – Ps. 42:1,5

TYDENS EREDIENS – Ps. 1:1,2; Ps. 25:5; Ps 128:4; Sb. 8-1 (14):2; Ps. 105: 1, 5

Geliefde gemeente in ons Here Jesus Christus, hier is met 'n paar druppels water vandag 'n kindjie gedoop. Die water is op haar voorkoppie gedrup. Vers 4 het so pas gepraat van God se Naam op mense se voorhoofde. Dit laat ons reeds besef hier gebeur iets groot al lyk dit dalk klein. Dit is in wêreldse oë dalk so klein en nietig wat ons hier gedoen het en wat vandag hier gebeur het. Dit mag klein en nietig lyk maar waar ons gekom het aan die einde van 'n lang pad wat ons uit Openbaring geloop het, vandag die 32ste preek, is die einde van die pad nie net die einde van die boek Openbaring nie, ons staan ook hier vandag aan die einde van God se Woord.

Na Openbaring 22 staan daar niks meer wat ons God se Woord kan noem nie. Die woord wat geëindig het met - *21 Die genade van die Here Jesus sal by almal wees.* En die vers net vóór Christus sy genadewoord spreek is sy *maranata*-woord. Dit is werklik 'n verlangewoord- 'n gebed wat die kerk deur al die eeue moet bly bid- *Kom, Here Jesus.* As Kerk van die Here mag hierdie gebed nooit ophou nie. As die Here kom en die gebed is die *maranatha* van ons as Kerk, dan vra ons die vraag wat is alles agter hierdie koms van Christus ter sprake? Wat sit hieragter ... Ons vra die vraag, die kerk bid, dat die Here gou moet kom en die belofte is daar, *Ja, Ek kom gou ...* Wat sit agter alles hier?!

Agter die koms van Christus met die doop van 'n kindjie vandag is dit asof ons dadelik iets van die paradys weer ons eie moet maak. Dis waarmee Openbaring 22 begin. Weer 'n Genesis-toneel, die tuin van Eden, 'n paradys-toneel. Wie dit nie raaksien, wil dit nie raaksien nie! Ons was verlede week al met die mooie van die nuwe stad meegevoer. 'n Stad waar daar nie meer 'n son en 'n maan sou wees nie, waar daar nie meer 'n see gaan wees nie, 'n stad waar ons kan aanvaar die planete in die nuwe sterrestelsel wat God gaan skep of nie meer daar gaan wees nie, of as daar planete in die nuwe skepping gaan wees, gaan dit heel anders wees, dit gaan nuut wees. God het mos dit duidelik gesê- *Kyk, Ek maak alles nuut*

Daar is so baie dinge wat ons ken, trane, droefheid, siekte, eensaamheid, pyn, verlange, oudword, droogtes, ja ons sien ook so dikwels die dood, dis alles dinge wat in die nuwe stad nie

meer gaan wees nie. U mag onthou en dit het ons verlede Sondag wou beklemtoon, in die nuwe stad gaan daar ook nie meer 'n kerk wees nie. Johannes sê dit duidelik dat 'n tempel het hy nie in hierdie stad gesien nie (Op 21:22).

Klomp dinge wat daar in die nuwe stad nie gaan wees nie, maar hoe wonderlik dit wat Openbaring 22 by hierdie doop vir ons vandag wil wys wat daar in die nuwe stad wel gaan wees. Dis baie ryk en baie mooi. Daar is die mooiste rivier, in aansluiting by Genesis 2 se riviere, die water van die lewe is aan die vloei, dit stroom uit die troon van God en van die Lam. Soos ons die tuin van Eden waterryk en boomryk mag voorstel (Genesis 2: 9-14) so is die Eden van Openbaring, waterryk, dit wat die doop ook 'n waterryke gebeurtenis en gedagte maak.

Soos in Genesis vóór die sondeval twee bome 'n deurslaggewende rol gespeel het, weer is daar 'n enkele boom waarby alles staan of alles val. Genesis se 2 bome in die midde van duisende ander bome moet nooit geringgeskat word nie - ... *die boom van die lewe in die middel van die tuin, en die boom van alle kennis*. Openbaring 22 vers 2 voer alles weer terug na die enkele boom waaroor dit alles gaan- *2 Tussen die hoofstraat van die stad aan die een kant en die rivier aan die ander kant staan die boom van die lewe. Hy dra twaalf keer per jaar vrugte: elke maand lewer hy sy vrugte. Die blare van die boom bring genesing vir die nasies*. Hoe ons hierdie bome bymekaar gaan bring is eintlik die bymekaarbring van die lewe. Dis ook hoe die lewe van hierdie gedoopte kindjie vandag inmekaar steek want as ek nie die bome bymekaar kan bring en ek kom nie by die boom van die lewe uit nie, dan gaan die lewe by my verbygaan. Ja, ons bedoel dit letterlik dan gaan die LEWE, die ewige lewe by jou verbygaan, jy sal dan die ewige dood en die ewige hel tegemoetgaan.

Hoe steek die bome inmekaar met dan die vraag hoe moet ek my lewe inmekaar steek. Die mens was geskep om die boom van die lewe te eet. Elke dag, elke oomblik kon die mens van daardie boom geniet het. Wonderlik hoe die mens uit hierdie boom sou kon lewe want God het die mens eintlik gemaak vir die boom en die boom gemaak vir die mens. Baie duidelik as God die eerste mens skep, dan skep Hy die mens na sy beeld, ná sy gelykenis lees ons in Genesis 1 vers 26- Die ou vertaling is bekend- *Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die*

diere wat op die aarde kruip. 27 En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man, en vrou het Hy hulle geskape. By die boom van die lewe kon die mens lewe. Hy kon God se lewende beeld in alles vertoon, al was die mens nie goddelik geskape nie, het die mens eienskappe van God gekry wat geen ander dier of skepsel ooit sou kry nie.

Alleen God is almagtig, alleen God is alomteenwoordig, alleen God dra alle kennis, ons mense is nie alwetend nie, dis dinge wat alleen God kon besit. Van die begin af! Tog het God die mens iets van sy beeld, iets van sy gelykenis ingeskape dat die lewe nie net in 'n boom kon wees nie, maar ook in die mens. Dat die mens en die boom na mekaar kon wys, mekaar kon beloon, op 'n manier op mekaar aangewese was, soos wat die man en die vrou in die paradys ook bedoel was as 'n beloning, as 'n aanvulling tot mekaar, nie net om mekaar te komplementeer nie, maar mekaar te voltooi, te vervul. Werklik aangewese op mekaar. Uit die verhouding man en vrou gebeur die grootste geskenk, die grootste wonder, kindertjies wat die lewe inkom vanweë die man en vrou se aangewese op mekaar. Dit is wat die huwelik so uniek maak, maar wat die mens met sy morsige, slordige, sondige, sluwe hande ook so kan bemors.

Daardie boom van die lewe, waarmee Genesis besig is en waarmee Openbaring 22 eindig. Baie eeue na Genesis kom stel Openbaring hierdie boom weer sterk op die voorgrond. By vandag se doop moet hierdie boom inderdaad sterk op die voorgrond bly. Juis vanuit die boom van die lewe kom die diepere gedagtes soos wat 'n boom ook sy wortels altyd al hoe dieper en wyer moet kan spreid. Ons eie boom-wees, ons staanplek, daarin lê God se beeldskap. Die mens kry die vermoë om te ken, om te dien en om lief te hê.

Drie dinge wat die lewe baie leegmaak en die boom van die lewe van alle blare sou stroop as ons dit nie het nie. Kennis, ja 'n ware kennis om God te wil ken. Saam met hierdie kennis kom 'n bereidheid om te dien, om God en my medemens te dien. En helaas om waarlik lief te hê. Hoe 'n groot saak, hoe 'n mooi saak is liefde nie; hoe het die mens al hierdie wonderlike liefde kon opmors! Hoe kaal is die boom van jou lewe as jy op hierdie stadium van hierdie blare, 'n diepe kennis, 'n opregte gesindheid, 'n ware liefde gestroop is en daarvan gestroop wil bly! Swak kennis, 'n stywe nek en rug wat nie wil dien nie, 'n liefde wat soms grens aan die drange en

drifte van 'n dier, wat nie meer liefde is nie. So wil God die mens nie sien nie, so 'n mens moet nie maak of hy/sy God kan sien nie.

Daarin het juis die tweede boom, die meer aanloklike boom in die eerste paradys geword. Die boom wat Genesis noem *die boom van alle kennis*. 'n Beter vertaling soos die ouer vertaling en die 2020 Vertaling die boom noem, *die boom van die kennis van goed en kwaad*. Wat is die boom, wat het rondom die boom drasties verkeerd gegaan. Onthou dit was ook net 'n gewone boom, met vrugte, maar God het 'n gebod, God het eintlik 'n verbod aan die boom verbind. God het woorde gespreek wat die mens na moet luister, gewoon net luister, moet nie van hierdie boom eet nie – *Daarvan mag julle nie eet nie...* God se Woord is waar dit alles om gaan. As God spreek moet daar geluister word. Tot vandag toe ... Die groot val, die sondeval het gekom nie omdat daar kwaad aan die boom geklewe het nie, maar die mens was en is die oorsaak van alle kwaad, ook van sy eie kwaad. God wou die mens toets. Ons noem hierdie dan ook die proefgebod. Wie neem eintlik die besluite? Daarin lê God se toets.

Die mens sou weet wat kwaad is, dit is nie dat die mens eers kennis van kwaad opgedoen het, ná hulle van hierdie boom geëet het nie. Née, die boom van kennis van goed en kwaad sou die groot vraag die paradys inbring, wil jy alleen by die boom van die lewe bly, of wil jy hierdie ander boom in jou lewe toelaat. Beslis sou die mense vooraf al bewus wees van die kwaad wat daar is. God het mos die opdrag gegee, bewoon, bewerk en BEWAAR. Daar sou nie van bewaring sprake kon wees as die mens nie toe reeds al van kwaad bewus was nie. Maar hier kom die mens en die mens wil besluit wat is die verskil tussen goed en kwaad. Die groot vraag is ... wie besluit. Besluit God of besluit die mens! Besluit God oor dit wat goed of kwaad is, of wil die mens graag daarvoor besluit?! Op hierdie punt het God die mens getoets.

Die oomblik toe die mens van hierdie boom geëet het, het die mens vir God gesê- U wat God is, U kan nie oor my lewe besluit nie, ek gaan eerder die boom van die lewe verby. Ek sal self besluit wat is goed en wat is kwaad. Die Here het die gevolge van hierdie tragiese besluit Self toe verder uitgespel ... Gen. 3:22- 22 *Toe sê die HERE God: Nou het die mens geword soos een van Ons deur goed en kwaad te ken...* Ons hoor wat God sê – die mens het hom soos God begin gedra, hy wil ook god wees, hy het nou geword soos een van ons. Hy as mens wil besluit wat is

reg en wat is verkeerd. Dit het die doodsklokke van hierdie wêreld al lankal aan die lui, die mens wil steeds besluit wat is goed, wat is kwaad, wat is reg ... wat is verkeerd. Die mens wou nie luister, eintlik maar net gewoon God se stem tussen baie stemme uitken nie. Née die mens wil self besluit ...

Dis vandag steeds die wortel van alle kwaad en God weet dit. Daarom dat God vir die vuilis sê, word maar nog vuiler, as jy wil kwaad doen, gaan doen maar nog groter kwaad. Openbaring 22 vers 11- 11 *Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word.*

Watter genade dat alles nie by hierdie boom geëindig het nie, maar laat God sy Woord na baie eeue weer terugbring na die boom van die lewe. Na Openbaring 22, na die besondere wortel van hierdie boom, wat beslis nie soos die ander boom die wortel van alle kwaad ontbloot het nie, maar juis die wortel van die lewe. Genadiglik is daar 'n ander wortel ... Ons lees so mooi van die wortel ... Hoor hoe mooi sê Hy dit wat die boom van die lewe Self is – Openbaring 22: 16b ... Hy wat die wortel van die goeie is, die boom van die lewe, Hy kon dit nie duideliker uitspel nie- *Ek is die Wortel, dit is, die Nakomeling van Dawid. Ek is die helder Môrester.*” Die 2020 Vertl stel dit- *Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die helder môrester.*”

Christus noem Homself hier aan die einde van Openbaring eintlik klomp dinge in een. Hy is die wortel, Hy is uit die geslag van Dawid, Hy is die helder môrester. As Christus Homself die wortel noem, dan is Hy die takkie wat uit die wortel sou uitspruit, uit die stomp van Isai en Isai die pa van Dawid. Só is Christus uit die geslag van Dawid. Alles aangrypende vervulling van dit wat in Jesaja 11 geprofeteer staan. En as ons die boek Openbaring vandag toemaak na ons dwarsdeur die boek kon werk, dan kyk ons boontoe en ons sien Hom wat sê Ek is die helder môrester. Met hierdie beeld dui Jesus sy koms aan. Die môrester wys elke oggend aan ons dat die dagbreek ophande is. Dit vertel van die nuwe dag.

In Maleagi was Jesus se koms al aangedui as die son van geregtigheid. Eers moet die ster opkom voor die son kan opkom. Ons mag nou reeds weet, ook rondom 'n doopbak vandag dat die môrester wil in hierdie kindjie maar ook in ons almal se harte reeds opkom. Ons wag ná die

môrester op die son van geregtigheid. As die Ou Testament in Maleagi afsluit met die son van geregtigheid dan sluit die Nuwe Testament by dieselfde son af. Ons almal leef nou reeds in die dagbreek van Christus se wederkoms.

Jesus het reeds oor ons begin skyn soos die ster so môreoggend rondom 4 uur ook weer sal skyn. In 2 Petrus 1 dan skryf Petrus oor dieselfde ster. Petrus beklemtoon in hoofstuk 1 die belangrikheid van God se Woord en dan skryf hy dat ons geloof soos 'n môrester in ons harte moet opgaan. Mag dit in julle elkeen se hart reeds opgekom het, mag die lig van God se Woord so in jou lewe skyn op die plekke wat dit regtig saak maak. Ook op daardie baie donker plekke in ons lewe, mag hierdie lig daardie duisternis uitdryf. Dan is die Woord en dan is die môrester aan die werk. Die profetiese woord wat Petrus kon beklemtoon dit is 'n woord wat baie vas is (2 Pet. 1:19). Ons besef sonder God se Woord is alles net donker, ja dit is ene duisternis in ons lewens.

Sonder die Woord ken ons nie die toekoms nie en sonder dieselfde Woord het geen mens 'n toekoms nie, ook nie sy wat vandag gedoop is nie. Maar die troos is ons hoef nie laatslapers in die geloof te wees nie. God duld in alle geval nie laatslapers in die geloof nie. Ons moet wakker wees, soos wat Jeremia kon profeteer dat God Self wakker is, wakker is oor sy woord om dit te volbring. Jer. 1 vers 12 sê die Here- ... *Ek is wakker oor my woord om dit te volbring.* Mag die môrester wat oor hierdie kindjie maar in ons elkeen se hart skyn, so skyn dat ek saam met die kerk van alle eeue opgewonde sal wees oor die feit dat Christus in sy finale koms op pad is. Hy wat sê – *Ja, Ek kom gou.* Dit is hoe Openbaring eindig. Het ons dit gehoor – *Ek kom gou ...* Mag dit so wees, mag ons wil bid, *maranatha ...* Kom Here Jesus, kom gou!

AMEN